Kurrikulum Direktoraat: AOO		LESPLAN	
Vak	**Afrikaans HT**	**Kwartaal**	**1**
Graad	**7**	**Week**	**1-2**
Skakel met onderrig–en assesseringsplan	**Kortverhaal** **Luister**: o Toepassing van leesstrategieë o Luister met begrip o Maak aantekeninge o Beantwoord vrae **Praat:** o Reflekteer op teks: Informele praat o Hardoplees	**Lees en Kyk:** o Ondersoek die belangrike kenmerke van 'n letterkundige teks. o Volg die leesproses: Pre-lees, Tydens lees en Post-lees. o Refleksie op Teks: Letterkundige terme	
Inleiding	**Kortverhaal** **Graad 6: Kennis gemaak** met al bogenoemde vaardighede en subvaardighede. **Graad 7:** • **Doel** van die tema is om reeds verworwe kennis te **hersien, miskonsepte** uit die weg te ruim, **te bou** op konsepte en vaardighede om **te kan toepas** en sodoende eie evaluering selfstandig, te kan vorm. **Toepassing in daaglikse lewe:** o Kortverhale is stories wat deel is van ons lewens. Dit is belangrik dat ons die doel en kenmerke van die tekstipes sal kan begryp om dit selfstandig, te kan skep.		
Konsolidasie	• Leerders **voltooi die aktiwiteite**, kyk na video-insetsels, volg die kontrolelyste en assesseer hul eie werk, selfstandig of saam met die hulp van 'n familielid. • Leerders kan teruggaan na die verduidelikings (geskrewe of visueel) om **miskonsepte te verifieer of te korrigeer.** • Leerders word deur die voltooiing van die aktiwiteite willekeurig ingetrek om daagliks **bewus te word** van 'n wêreld waar hul **taal die basis vorm van alle leer.**		
Papiergebaseerde bronne: Handboeke beskikbaar Werkkaarte met inligting en vrae Woordeboek Video-insetsels	**Digitale bronne:** https://wcedeportal.co.za/curriculum-supporthttps://wcedeportal.co.za/partners/#103031 Aktiwiteit 1: Luisterproses https://bit.ly/LUISTERKw1Week1PPT https://bit.ly/Kw1Week1LuisterVideo Aktiwiteit 4: Letterkundige terme https://bit.ly/BousteneStorieVideo		
 AKTIWITEITE VIR DIE ONDERWYSER	**VAARDIGHEDE (WAT ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)**	**ONDERRIGMETODOLOGIEË / BENADERING (HOE ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)**	**Hulpbronne / LOOM (WAT ek gaan gebruik om te onderrig / begelei / ondersteun..)**
	Luister en praat **Luister met begrip:** o Toepassing van leesstrategieë o Verduidelik die luisterproses o Maak aantekeninge	**OPVOEDER: LEES TEKS** **Toepassing van leesstrategieë:** • Help die leerder om voorspelling toe te pas deur middel van die prent oor die kortverhaal. 1. **Eerste voorlesing:**	1. **Aktiwiteit 1:** *Dewald – Anzil Kulsen*

	○ Beantwoord vrae **Praat:** ○ Reflekteer oor die kortverhaal. ○ Hardoplees	• Gebruik stemintonasie, gebare en gesigsuitdrukkings om betekenis en atmosfeer oor te dra. **OPVOEDER: MODELLEER** **2. Tweede voorlesing:** • Opvoeder verduidelik die maak van aantekeninge. • Leerders maak aantekeninge. **LEERDERS:** • Beantwoord vrae. • Selfkontrole **OPVOEDERS EN LEERDERS:** • Fokus op refleksie van teks: Informele praat met sinsfrases • Hardoplees	2. **Aktiwiteit 2:** ➢ Informele Praat ➢ Hardoplees
	Lees en Kyk: **Tekskenmerke:** ○ Belangrikste kenmerke van 'n kortverhaal. **Lees en kyk vir begrip:** ○ Pre-Lees ○ Tydens Lees ○ Post-Lees **Refleksie op Teks:** ○ Letterkundige terme	**PRE-LEES**: Opvoeder lei die teks in. **Bespreking en Voorspellings** te maak / om voorafkennis te aktiveer. • **Vluglees** van teks. • **Soeklees** van teks (stel 3-4 vrae op) • **Woordeskat:** Vooraf geïdentifiseerde woorde. • **Tekskenmerke** van 'n kortverhaal: Bespreek en hersien. **TYDENS LEES: OPVOEDER & LEERDER** • **Modelleer** lees- en begripstrategieë. • **Woordeskat:** Verduideliking van onbekende woorde. **POST-LEES: LEERDER** • **Begripstoets:** Leerders beantwoord. • **Begripstoets:** Opvoeder/leerder assesseer/kontroleer antwoorde. • **Refleksie op Teks:** Letterkundige terme toepas.	1. **Aktiwiteit 3:** *Boom, bomer, boomste – Elsabé Steenberg* **Woordmuur:** Opvoeder bou 'n tweeweeklikse woordmuur. **2. Aktiwiteit 4: Letterkundige terme**

 AKTIWITEITE VIR DIE OUER In hierdie week gaan u leerder die volgende vaardighede doen:	**Luister** **Lees en Kyk**	1. **Luister:** Lees vir u kind die teks, *Dewald,* (Aktiwiteit 1) hardop voor. **Praat:** U kan vir u kind vra om die belangrikste inligting te hervertel/op te som. **Hardoplees**: Luister en gee positiewe kommentaar. 2. **Lees en Kyk:** Die aktiwiteitsbladsye sal u help en lei om vrae te vra. 3. **Woordeskat**: Help u leerder met onbekende woorde te verduidelik of na te slaan.	1. Vertel/luister saam met u leerder na stories. 2. Aktiwiteite 1 – 4 3. Woordeboek / VivA-app. 4. Die opvoederafdeling is ook nuttig, lees daardeur. 5. Die aktiwiteite is op selfgerigte leer gemik, maar u as ouer is die vennoot in die leerproses: ONDERSTEUN waar u kan.
 AKTIWITEITE VIR DIE LEERDER	**Volg die aktiweite 1 - 4. Dit is presies uiteengesit wat jy moet doen.** 1. **Luister:** a) Die teks gaan eers aan jou voorgelees word en die vrae moet dan beantwoord word. b) Maak aantekeninge terwyl jy luister. c) Beantwoord die vrae en assesseer self. d) Lees die luisterteks selfstandig. 2. **Praat:** a) Praat informeel oor teks gelees – die sinfrases gee vir jou leiding. b) Lees ‘n gedeelte hardop. 3. **Lees & Kyk:** a) Lees die kortverhaal. b) Ondersoek die kenmerke van ‘n kortverhaal. c) Pas begripstrategieë, Voorspel en Visualisering, toe. d) Leer nuwe woordeskat. e) Volg die leesproses. f) Beantwoord en assesseer‘n begripstoets. g) Pas letterkundige terme toe. **Dankie vir jou harde werk en bly gesond!**		

Week 1: LUISTER (Opvoeder-/ouerbladsye)
Aktiwiteit 1: Luister na 'n kortverhaal: 30 minute

OPVOEDER

Doelstellings van die les:

- Pas leesstrategieë toe.
- Leerder luister met begrip na teks.
- Leerder maak aantekeninge.
- Leerder beantwoord vrae.

OPVOEDER-/OUER-/FAMILIEHULP

'n Opvoeder/Ouer/familielid moet hierdie aktiwiteit begin.

LET WEL: Die kortverhaal, ***Dewald***, geskryf deur Anzil Kulsen, in aparte dokument, gaan ook gebruik word in Onvoorbereide Lees. U **modelleer** dus die voorlesing.

- Die leerder het **nie die teks voor hom/haar nie.**
- Maak **voorspelling** deur die prent (onder aan teks)te wys en titel te lees.
- **Eerste voorlesing:** Leerder **luister** na die kortverhaal.
- **Na eerste voorlesing: Lees** die **vrae hardop** saam met die leerder **deur.**
- **Tweede voorlesing:** Leerder maak aantekeninge volgens die gegewe luistertemplaat/eie.
- **Beantwoord vrae: Na tweede voorlesing:** Leerder beantwoord vrae.
- **Assessering/kontrolering van vrae: Leerder kontroleer eie werk.**
- **Opvolg van verkeerde antwoorde:** Help om die miskonsepte uit die weg te ruim.

TEKS VIR VOORLEES

VIR DEWALD

Vandag het 'n baie eienaardige ding in die klas gebeur. Dewald, die vertraagde outjie, het vir die eerste keer gelyk of hy ook leef.

Hy het Dewald nog nooit kop toe gevat nie. En hier skryf hy sowaar in sy dagboek oor hom.

Justin het sy kitaar saamgebring skool toe om in die pouse vir Lizette te sing, maar hy het toe nie. Toe Dewald die kitaar sien, was dit of hy heel mal raak. Heel berserk. Hy het soos 'n opgewonde hond op Brandon afgestorm en die kitaar van sy skouer afgeruk. Sy geluide was selfs ondraagliker as gewoonlik. Hy't op sy stert loop sit en begin speel. Perfek, sê ek jou. Hoe de duiwel is dit moontlik dat iemand wat n totale zombie is, so goed kan speel?

Brandon gooi die pen op sy oop dagboek neer. Dewald praat nooit nie. Die onderwysers prys sy pogings om in 'n hoofstroomskool aan te pas. Hy kry bleddie goeie wiskundepunte, maar die ou is heel koekoes, Outisties, sê hulle. En hy ly blykbaar aan diabetes. Die soort waarvoor 'n mens elke dag ingespuit moet word. Dit het hy eers vandag gehoor. Hy het hom die afgelope paar weke nooit aan Dewald gesteur nie.

Maar toe hy die outjie vandag hoor kitaar speel ...

Brandon haal sy eie kitaar uit die swart kas. Dis so vals soos die dag toe hy dit gekry het en hy moet dit eers stem voor hy sy drukke kan oefen. Wanneer laas het hy gespeel?

Dewald het iets in hom wakker gemaak. Hy wil ook so kan speel. Hy wil ook mense laat stilstaan deur iets te doen wat niemand nog ooit van hom verwag het nie. Maar almal verwag klaar so baie van hom. Almal dink hy is *cool*; almal wil soos hy wees. En nou wil hy soos 'n vertraagde outjie wees! Vir die eerste keer dink hy terug aan die eerste dag toe Dewald in hulle klas gekom het. Hy het toe nie daaroor in sy dagboek geskryf nie, Maar nou onthou hy dit.

"Mevrou, ons sal ons bes probeer ..." Juffrou Harck het redelik op haar senuwees geklink.

"Nie 'probeer' nie, Juffrou. Hanteer hom maar net soos enige ander kind."

Al is Dewald siek, skryf Brandon na hy sy kitaar weggesit het, *gaan ek hom môre vra om vir my sy drukke te leer. Dalk is hy toe nie so vertraag nie.*

Toe Brandon die volgende oggend by die skool afklim, loop hy reguit op die klein figuurtjie af. Hy wonder of Dewald ooit kan praat. Hy het hom nog nooit hoor praat nie.

"Dewald?" Brandon bly 'n entjie van hom af stil staan.

“Ha?” Dewald se mond is groot oop. Hy wag en luister met sy mond oop, terwyl hy heen en weer wieg.

“Hoe lank speel jy al kitaar? Wie't jou leer speel?”

“Ha?” nou wieg hy vinniger met sy arms om sy knieë gevou. Hy gaan van die stoep af neuk as hy nie stadiger nie. “Gha? Gha!”

“Sal jy my leer? Asseblief?”

Nou begin die gewieg weer van voor af. Dewald se gesig raak selfs rooier. Hy begin wild snuif, asof sy neus vir die vale loop, maar dis kurkdroog.

‘Jammer, jammer! Jy hoef nie. Ek wou maar net ...”

“W-w-waar?”

“Sommer na skool. Ons kan onder die bome op die bankies sit.”

Dis vir Brandon uiters belangrik dat Dewald ja moet sê.

Maar Dewald knik net. En staan toe op en waggel weg in die rigting van die toilette.

Net voor die klok lui, tik Brandon vir sy man vinnige SMS. Nou gaan sy eers wonder wat gaan aan. Maar sy moet maar. *Bring my kitaar saam as Ma my kom haal. Kry dit dalk nodig. Tx.*

Hy is skielik opgewonde toe hy aanstap na Dewald. Maar nie so opgewonde soos Dewald wat opstaan en die kitaar vinnig van Brandon se skouer af vat nie. Asof hy bang is Brandon hol met die ding weg.

“Gaan jy my leer? Sal ek ook kan oefen?” Brandon herken byna nie sy ele stem nie.

Die aand skryf Brandon weer in sy dagboek.

Vandag kon ek twee nuwe drukke uitmaak terwyl Dewald gespeel het. Maar nog iets baie eienaardigs het gebeur. Voor hy my kitaar teruggegee het, het hy vir my n papier gegee. net ‘Uh’ gesê. Dit lyk na ‘n gedig. Maar hy’t weer ‘uh’ gesê en nog een laaste keer gespeel. Ek wonder of dit dalk n liedjie is wat hy probeer skryf het.

Brandon oefen die drukke voor hy gaan slaap. Hy het nog net een keer na die stukkie papier gekyk. Wat gaan in Dewald se kop aan? Hy moet sy eie kop laat lees: hy laat Dewald die heeltyd toe om alleen te speel. Dis nie wat hy in gedagte gehad het nie. Aan die ander kant, leer hy tog iets daaruit. En Dewald kan hom dalk te lyf gaan as hy die kitaar skielik sal probeer afvat.

Woensdag, Donderdag en Vrydag word die “demonstrasie” onder die bome herhaal. Maandagoggend is Dewald nie in die klas nie.

“Dewald is in die Intensiewe Eenheid in die hospitaal,” sê juffrou Harck. “Hy het gisteroggend in ‘n koma gegaan.”

“Hoekom?” Brandon voel naar. Hoekom?

“Dis die suikersiekte.” Juffrou Harck lyk bleek.

“Wat is dit met jou en Dewald?” Brandon kom sit pouse by hom. Jy los sommer die rugby om die mal outjie op jou kitaar te laat speel? Is jy getik, ou?”

“Hy’s nie mal nie.” Brandon staan op en loop klas toe. Hy sal maar van môre af sy kitaar by die huis los. Tot Dewald beter is.

“Hy is gisteraand so agtuur oorlede. Sy ma het laat weet.” Hulle kan sien juffrou Harck het gehuil. “Hy het eintlik so goed aangepas.” Dit lyk asof sy met haarself praat. “Ons hou Vrydagoggend ‘n roudiens vir hom hier by die skool.”

Dis Woensdag, 11 Maart. Dewald is gisteraand weg. Wat moet ek met sy liedjie maak?

Met sy oë toegeknyp, soos Dewald doen, oefen hy saans die liedjie soos hy dink Dewald dit bedoel het. Hy gaan dit by sy roudiens in die skoolsaal speel. Vrydag gaan hy iets doen wat niemand nog ooit van hom verwag het nie. En hy gaan sy ma ook vra om die diens te kom bywoon.

“Hierdie song is Dewald s’n. Ek wens ek kon soos hy speel, maat hier gaat ons.”

Hy sing:
In die boomtoppe
tussen bloeiselknoppe,
in die stof van ‘n warrelwind,
het ek myself gevind …
Eers was ek vasgevang,
in kettings, in n donker gat het ek verlang,
om te gly op die son se strale en te lag tussen die reënboog se lawwe kleure
Maar nou, nou is ek vry ...

Toe die snare stil raak en hy opkyk, kom hy agter sy gesig is nat. Dit is eers doodstil en toe staan Dewald se ma op en begin hande klap. Toe die ander. En toe glimlag hy deur die trane heen. Natuurlik, dis Dewald se *song*. Dis hoe hy moes voel!

In een week het Dewald sy lewe vir hom geskud. In dié week het Dewald hom alles wat ooit vir hom belangrik was, laat bevraagteken. En amper het hy Dewald nooit leer ken nie. (*Verwerk: Platinum – Afrikaanse Huistaal: Leesboek Gr. 7*)

Week 1: LUISTER (Leerderbladsy)
Aktiwiteit 1: Luister na 'n kortverhaal: 30 minute

LEERDER: VERDUIDELIKING

1. Jy gaan na 'n kortverhaal, ***Dewald***, geskryf deur Anzil Kulsen **luister.**
2. **Luister** na die **eerste voorlesing.**
3. **Maak aantekeninge** en **beantwoord** van die tydens die **tweede voorlesing.**
4. **Beantwoord** die vrae.
5. **Assesseer** jou eie antwoorde.

LEERDER: BEANTWOORD VRAE

- **Beantwoord die volgende vrae mondelings of skriftelik.**
- **Kies die korrekte antwoord:**

1. Wie is Dewald?
a) 'n Seun wat saam met Brandon rugby speel.
b) 'n Seun wie outisties is en uitblink in kitaarspel en wiskunde.
c) 'n Seun wat saam met Brandon in 'n orkes speel.
d) 'n Seun wat outisties is en uitblink in kitaarspel en rugby.

2. **Waarin teken Brandon sy gedagtes aan?**
a) 'n Brief aan sy ma.
b) Sy dagboek.
c) 'n Wiskundeboek met kantaantekeninge.
d) 'n Ou oefeningboek.

3. **Waar speel die kortverhaal die meeste van die tyd af?**
a) By Brandon se huis.
b) By Dewald se huis.
c) In die hospitaal.
d) By die skool.

4. **Hoekom sit Dewald se ma hom in 'n hoofstroomskool as hy 'n leerder met spesiale behoeftes is?**
a) Die blootstelling aan gesonde kinders sal vir Dewald goed wees.
b) Juffrou Harck spesialiseer in leerders met spesiale behoeftes.
c) Dewald se immuniteit sal opgebou kan word in 'n hoofstroomskool.
d) Dewald kan die leerders leer hoe om kitaar te speel.

5. **Watter treurige gebeurtenis het Dewald se diabetes tot gevolg.**
a) Brandon leer hoe om kitaar goed te bespeel.
b) Dewald moet homself elke dag met insulien inspuit.
c) Dewald gaan in 'n koma en sterf.
d) Brandon ontwikkel ook diabetes.

6. **WAAR/ONWAAR:** Dewald se vriendskap met Brandon het die volgende tot gevolg gehad…
a) Brandon leer om beter kitaar te speel.
b) Brandon sou innerlik 'n ryker persoon wees sonder Dewald se vriendskap.
c) Dewald vertrou vir Brandon met sy gevoelens.
d) Brandon speel later beter kitaar as Dewald.

SELFASSESSERING / -KONTROLE

- **Antwoorde** van luisterteks: Refleksie op teks

1. **Wie is Dewald? Kies die korrekte antwoord:**
   b) 'n Seun wie outisties is en uitblink in kitarspel en wiskunde.
2. **Waarin teken Brandon sy gedagtes aan?**
   b) Sy dagboek.
3. **Waar speel die korfverhaal die meeste van die tyd af?**
   d) By die skool.
4. **Hoekom sit Dewald se ma hom in 'n hoofstroomskool as hy 'n leerder met spesiale behoeftes is?**
   a) Die blootstelling aan gesonde kinders sal vir Dewald goed wees.
5. **Watter treurige gebeurtenis het Dewald se diabetes tot gevolg.**
   c) Dewald gaan in 'n koma en sterf.
6. **WAAR/ONWAAR:** Dewald se vriendskap met Brandon het die volgende tot gevolg gehad…
   a) Brandon leer om beter kitaar te speel: WAAR
   b) Brandon sou 'n innerlike 'n ryker persoon wees sonder Dewald se vriendskap: ONWAAR
   c) Dewald vertrou vir Brandon met sy gevoelens: WAAR
   d) Brandon speel later beter kitaar as Dewald: ONWAAR

Week 1: PRAAT
Aktiwiteit 2: Reflekteer op teks & Hardoplees: 60 minute

OPVOEDER

Doelstellings van die les:

- Reflekteer op teks.
- Deel ervarings en toon.
- Lees hardop.

OPVOEDER-/OUER-/FAMILIEHULP

'n Opvoeder/Ouer/familielid moet hierdie aktiwiteit begin.

- **Die leerder gaan reflekteer oor die** luisterteks, kortverhaal, ***Dewald***, geskryf deur Anzil Kulsen.
- **Sinfrases** sal die leerder lei om sy/haar idees en ervarings te deel.
- **Luister** na die kort terugvoering.
- Laat die leerder 'n gedeelte uit die teks (LUISTER: Aktiwiteit 1) kies om **hardop** voor te lees.
- Gee **opbouende kritiek.**
- **Die matriks** sal vir u leiding gee.

LEERDERVERDUIDELIKING: INFORMELE PRAAT

- **Jy gaan reflekteer oor die** luisterteks, kortverhaal, ***Dewald***, geskryf deur Anzil Kulsen waarna jy tydens die Luisteraktiwiteit geluister het.
- **Sinfrases** sal die leerder lei om jou idees en ervarings te deel.
- Julle kan in **groepe/individueel die volgende bespreek of neerskryf.**
- Gee dan **terugvoering aan die klas/familielid.**

Justin sê aan die einde van die verhaal: "*In een week het Dewald sy lewe vir hom kom skud.*"

- Wie is die persoon wat sy lewe geskud het?
- Het jy gedink dat die persoon sou wees om anders na die lewe te kyk? Hoekom/hoekom nie?
- Wat het gebeur?

- Wat was die gevolge van die gebeurtenis?
- Wat het jy daaruit geleer.

Hier is moontlike sinsfrases om jou refleksie mee te begin.

- … het my lewe vir my kom skud. … is anders, want …
- Nooit sou ek kon dink dat … my lewe so sou kon verander het nie, want …
- Dit het alles begin …
- Die gevolg/-e was …
- Ek het geleer dat …

LEERDERVERDUIDELIKING: HARDOPLEES

1. **Kies 'n gedeelte uit die Luisterteks, *Dewald*, wat jy hardop gaan voorlees.**
   - Maak seker jy verstaan al die woorde in jou gedeelte.
   - Maak ook seker van die uitspraak van die woorde.
   - Oefen dit hardop voor jy dit aan jou opvoeder, maat of familielid voorlees.

LEES & KYK: Kortverhaal
Week 1: Aktiwiteit 3: 60 minute

OPVOEDER

Lees en Kyk: 'n Kortverhaal.
Ondersoek en Toepassing:

- **Voorspelling:** Visuele stimilus en titel
- **Woordeskat**: Voorafgeïdentifiseerde woordeskat.
- **Lees- en begripstrategieë** van Pre- en Tydens Lees.
- **Post-Lees:** Begrip.

OPVOEDER-/OUER-/FAMILIEHULP

Pre- en Tydens Lees:

1. **Voorspelling:**
   - **Wys die visuele prente** en vra leerder waaroor dink hy/sy sal die storie gaan.
   - **Wys ook die titel** en laat leerders voorspel of daar 'n verband is tussen die titel en prente.
   - Vra of daar wel **trappe van vergelyking** bestaan van die woord *boom*. Verduidelik dat daar net trappe van vergelyking is vir byvoeglike naamwoorde.
2. Pas **leesstrategieë** toe: Vluglees & soeklees.
   - **Vluglees**: Leerder laat vinger met 'n s-beweging oor die storie beweeg om 'n idee te kry waaroor die storie gaan OF
   - **Lees** vlugtig die eerste paragraaf, dan elke eerste sin van die daaropvolgende paragrawe en die laaste paragraaf.
     - **Soekleesvrae**:

a) Wat is aan Philla se rok vasgespeld?
b) Watter vak se toetsuitslae kry hulle?
c) Oor watter onderwerp moes die leerders 'n opstel skryf?

3. **Tydens Lees:** Lees die teks saam met die leerder/-s voor – dit is belangrik dat dit met die regte gevoel voorgelees word.

OPVOEDER-/LEERDERVERDUIDELIKING: WOORDESKAT

1. **Woordeskat:** Maak seker jy verstaan die volgende woorde.

Woordeskat	
skandaal	'n skande / verleentheid
frats	'n Afwyking van die gewone soos ons dit ken
onderskeiding	Om baie goed in 'n vak te doen (bo 80%)

OPVOEDER-/LEERDERVERDUIDELIKING: BEGRIPSLEES

Lees die uittreksel uit *Boom bomer boomste* van Elsabé Steenberg

WEES ALTYD JOUSELF: AL IS DIT ANDERS!

1. Sy kom pouse by die skool aan met haar hare heeltemal los, 'n herfsblaar aan haar rok gespeld en 'n pajamakoord (Pa s'n?) om haar middel. Sy't skoene aan, maar nie sokkies nie. Sulke tye maak ek of ek haar nie ken nie; loop sommer 'n koers in. Vas teen Leon wat ook in graad 10 is, maar in 'n ander groep as ek.

2. "Hallo," groet hy. "Jy hou jou skaars."

3. Ek kan nie aan 'n antwoord dink nie.

4. "Daardie sussie van jou darem," grinnik hy en oombliklik is ek woedend. Dis goed en wel om so half sentimenteel aan haar te dink as 'n som wat nie opgetel kan word nie, maar om familie van haar te wees, net 'n jaar ouer as sy, altyd op die verdediging, elke oomblik bevrees vir 'n nuwe skandaal! Kinders is nie onderwysers nie; hulle lag en dryf die spot hulle spot met my suster.

5. "Sy's 'n frats, maar dis nie my skuld nie!" snou ek en loop sommer blindweg hek toe. Daar staan roomyskarretjies; ek koop 'n roomys en smyt dit op die grond en trap dit in die aarde in. Ek voel sleg omdat ek haar 'n frats genoem het; ek wens ek was enigiemand anders in die wêreld behalwe nou juis ek. Hoe gebeur dit dat elke mens 'n ek is, en juis een besondere ek?

6. Die klok lui; die periodes gaan hulle gang. Ek het goed gedoen in 'n toets wat die Engels-onderwyser teruggee; ek word geprys oor 'n moeilike wiskundeprobleem wat ons tuis moes doen en wat ek regyekry het; juffrou Murray sê sy verwag 'n biologie-onderskeiding yan my in die volgende eksamen. En net toe ek stadigaan begin regkom, is dit weer pouse en dit gons deur die gange: Philla is uit die Afrikaans-juffrou se klas gejaag omdat sy geweier het om die opstel te skryf wat aan almal gegee is.

7. "Maar hoekom?" vra ek op die bus, later toe ons huis toe ry. ""Hoekom skryf jy nie maar die ding as jy weet sy gaan jou vermorsel as jy dit nié doen nie?"

8. "'n Vakansie op 'n plaas," lag sy meteens. "Hoeveel van die ouens in ons klas was al op 'n plaas, dink jy? En dan 'n vakansie. Mintig, Helet, as ek dit geskryf het, sou sy die volgende tien jaar daardie opstel vir graad neges gegee het!"

9. "Iemand moet weier," sê sy. "Ek sou natuurlik weer na die hoof toe gegaan het, maar hy was besig. Toe staan ek net buite. Daar was die interessantste skaduwees op die mure. Takke van 'n boom wat patrone gemaak het." (440 woorde)

BEGRIPS- en LETTERKUNDIGE VRAE

Post-Lees:

- **Lees** weer die kortverhaal, selfstandig. **Beantwoord** die vrae wat volg.

1. In watter **ruimte** speel die storie hoofsaaklik af? (1)
   a) In die woud
   b) By die huis van die hoofkarakter
   c) In die bus
   d) By die skool

2. **Rangskik** Helet se skooldag **chronologiese volgorde**. Skryf slegs die korrekte nommer in kolom B. (4÷2=2)

A: Gebeurtenis	B: Chronologiese volgorde
a) Juffrou Murray sê sy gaan 'n biologie-onderskeiding kry.	
b) Dit is eerste pouse en sy koop vir haar roomys.	
c) Sy kry die uitslag van haar Engelse toets.	
d) Sy hoor die nuus dat haar suster uit die klas gejaag is.	

3. **Waar of onwaar**: Philla is eksentriek, want … (2÷2=1)
   a) sy dra 'n onpaar sokkies by haar skoene.
   b) sy dra 'n pajamakoord as 'n skoolbelt.

4. Watter **verduideliking** pas die beste by die vergelyking:
   Dis goed en wel om so half sentimeel aan haar te dink as 'n som wat nie opgetel kan word nie. (1)
   a) Andersheid is positief, maar dit het sy uitdagings.
   b) Andersheid is negatief en bring net probleme voort.

5. **Haal** 'n sin/frase **aan** as bewys dat Philla dit nie ongewoond gevind het om na die hoof se kantoor toe te gaan nie. (1)

6. **Verduidelik** die volgende stelling: *Philla is 'n intense waarnemer*. (1)

7. **Haal** 'n sin uit paragraaf 5 **aan** wat vir die woord, *uniek*, beskryf. (1)

8. Van watter een van die twee susters hou jy die meeste? **Motiveer** jou keuse. (1)

9. Dink jy Philla sal maklik onder groepsdruk swig? **Hoekom** sê jy so? (1)

SELFASSESSERING/-KONTROLE

- **Post-Lees: Begrip - Antwoorde**

Vraag	Antwoord
1	d) By die skool
2	A: Gebeurtenis / B: Chronologiese volgorde a) Juffrou Murray sê sy gaan 'n biologie-onderskeiding kry. — b b) Dit is eerste pouse en sy koop vir haar roomys. — c c) Sy kry die uitslag van haar Engelse toets. — a d) Sy hoor die nuus dat haar suster uit die klas gejaag is. — d
3	a) Onwaar (sy dra geen sokkies nie) b) Waar
4	a
5	*Ek sou natuurlik **weer** na die hoof toe gaan...*
6	Philla sien die patrone wat die boomtakke se skadu's maak.
7	*"Hoe gebeur dit dat elke mens 'n ek is, en juis een besondere ek?"*
8	Die keuse moet op 'n gepaste ondersteunende afleiding gebaseer wees. *Bv. Helet, sy is opreg lief vir haar suster en word kwaad as hulle met haar suster spot, al maak haar suster haar kwaad en skaam.*
9	Nee, sy het bly weier om die opstel te skryf al moes sy na die hoof toe gaan om vir die ander leerders die belaglike onderwerp te spaar.

LEES & KYK: REFLEKSIE OP TEKS – Letterkundige terme
Week 1: Aktiwiteit 4: 30 minute

OPVOEDER

1. **Lees en Kyk**: Refleksie op Teks

Ondersoek en Toepassing:

- **Letterkundige terme:** Kortverhaal

LEERDER- /OUERVERDUIDELIKING

- Die onderstaande tabel dui vir ons die letterkundige terme in die storielyn aan. Ontleed die kortverhaal, ***Dewald*** deur Anzil Kulsen (Luisterteks) weer te lees.

LETTERKUNDIGE TERME	
KARAKTERS & KARAKTERISERING	• Wie is die karakters in die storie? • Wat is die karaktereienskappe van die karakters?
RUIMTE/-S	**PLEK - WAAR** • Waar vind die storie hoofsaaklik plaas?
	TYD – WANNEER • Wanneer het die storie plaasgevind? • Van watter gebeurtenis tot watter gebeurtenis vind die storie plaas?
INTRIGE: STORIELYN	**PROBLEEM** • Wat is die probleem wat ontstaan? • Hoekom is dit 'n probleem?
	GEVOLGE / UITVLOEISELS • Watter gebeure vind plaas as gevolg van die probleem?
	KONFLIK Innerlike konflik: • Is daar innerlike konflik by die hoofkarakter/-s? Beskryf die konflik en hoe weet ons dit? Uiterlike konflik: • Is daar uiterlike konflik tussen die hoofkarakter en 'n ander karakter of met die gemeenskap of natuur? Tussen wie / wat?
	KLIMAKS • Die stygende spanningslyn bou op tot die klimaks/hoogtepunt. Wat is die klimaks?
	OPLOSSING / ONTKNOPING • Hoe word die probleem opgelos of ontknoop?
ATMOSFEER / TOON	• Wat is die gevoel wat die leser kry as dit gelees word? Beskryf.
TEMA	• Wat is die deurlopende tema van die storie wat soos 'n goue draad deur die storie loop?
BOODSKAP	• Wat is die morele les wat ons uit die storie leer?

- Pas die volgende letterkunde terme by die korrekte beskrywing onder die terme.

Skryf slegs die bloknommer langs die term neer.

Letterkundige terme	Beskrywing
1. Karakters en karakterisering	
2. Ruimte	
3. Probleem	
4. Gevolge/uitvloeisels	
5. Konflik	
6. Klimaks	
7. Oplossings/ontknoping	
8. Atmosfeer/toon	
9. Tema en boodskap	

A: Die verhaal laat jou hartseer voel en empatie ontwikkel by die leser. Daar is ook 'n stille skaamte wat oorgedra word vir ons normaal fuksionerende persone wat neerkyk op andersheid.	**B**: Ons word bewus van innerlike konflik by Dewald wanneer hy nie weet hoe om sosiaal te verkeer nie wat tiperend aan outistiese gedrag is – hy raak buite beheer as hy die kitaar sien. Daar is ook innerlike konflik by Brandon as hy sy nuwe vriendskap met 'n *vertraagde* outjie self bevraagteken	**C**: Brandon het iets gedoen wat niemand ooit van hom verwag het nie – hy tree voor 'n groot groep mense op. Brandon bevraagteken ook dit wat hy gedink het is belangrik en vind uit wat regtig belangrik is. Dewald se nalatenskap van hoe hy regtig gevoel het (geboei in kettings) word oorgedra deur sy gedig wat deur Brandon gesing word. Aan die einde van die verhaal word Dewald as die held gesien en nie as die vertraagde outjie nie.
D: Dewald is 'n diabeet en sy gesondheid het baie agteruit gegaan. Diabetis kan jou in 'n koma laat gaan en jy kan sterf.	**E**: Dewald, is 'n die outistiese tienerseun wat ook aan diabetis ly. Brandon, die seun uit wie se oogpunt die storie vertel word, is 'n gewilde leerder, maar bevraagteken sy nuwe vriendskap met Dewald. Dit wys vir ons hy is 'n seun met 'n oop gemoed, want hy is braaf en kies Dewald se andersheid bo die opinies van sy gewilde maats.	**F:** Die spanning bou op tot die hoogtepunt van die verhaal is wanneer juffrou Harck die leerders meedeel dat Dewald oorlede is.
G: Die storie speel hoofsaaklik by die skool af. Ons kry uittreksels van die gesprek tussen Dewald se ma en juffrou Harck. Dewald en Brandon oefen ook kitaar by die skool onder 'n boom op die speelgrond. Die dag toe Justin ('n maat van Brandon wat sy neus optrek vir sy vriendskap met Dewald) sy kitaar skool toe gebring het (die teks verwys na *vandag*). Ongeveer twee weke na die voorval is Dewald se roudiens.	**H:** Die vriendskap tussen twee uiteenlopende seuns loop soos 'n goue draad deur die storie. Ons leer uit hierdie storie dat ons nie ander mense moet oordeel of veroordeel voor ons hulle nie leer ken nie.	**I**: 'n Mooi vriendskap ontstaan tussen Dewald en Brandon. Dewald leer vir Brandon kitaar speel. Dewald gaan in 'n koma en sterf. Brandon word uit sy gemaksone geruk – hy speel voor die hele skoolsaal Dewald se gedig/lied.

SELFKONTROLE/-ASSESSERING

- Kontroleer jou antwoorde.

Letterkundige terme	Beskrywing
1. Karakters en karakterisering	E
2. Ruimte	G
3. Probleem	D
4. Gevolge/uitvloeisels	I
5. Konflik	B
6. Klimaks	F
7. Oplossings/ontknoping	C
8. Atmosfeer/toon	A
9. Tema en boodskap	H